

ONSE LIEWE VROU VAN DIE LOSPRYS

24 SEPTEMBER



In die jaar 1218 het die Geseënde Maagd Maria in drie afsonderlike visioene verskyn aan die heilige Petrus Nolasco, die heilige Raymond van Pennafort en koning Jakobus I van Aragon. Sy het dié drie manne gevra om 'n religieuse orde te stig om Christene vry te koop wat deur die Moorse seerowers ontvoer en as slawe in Noord-Afrika verkoop is. Lede van hierdie Orde van die Mercedariërs (soos hulle genoem is) sou 'n lewe van gebed lei en hulle daarop toespits om die nodige fondse te bekom om individuele Christene vry te koop. Verder het hulle ook hulleself daartoe verbind om self as losprys gevange geneem te word om iemand vry te koop uit slawerny. Dié orde het vinnig gegroei en in die daaropvolgende eeue duisende Christenslawe losgekoop.